Tekste: Gesang 426: 2; 1 Tessalonisense 5: 28, 2022; Johannes 14: 1-7, 2007; 2 Korintiërs 13: 13, 2022.
Fokus teks: Filippense 1: 1-11, 1983.
Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

AANKONDIGINGS:

Oomblik van stilte, ingelei deur die klok wat lui.

TOETREDE:

Wees genadig, He6er, spreek my vry. O Heer, spreek my vry. Neem my aan, o Heer, maak my vry. O Heer, maak my vry. Leer my bid, o Heer, meer en meer. O Heer, meer en meer. Leer my leef, o Heer, tot u eer. O Heer, tot u eer ~ VONKK 180: 1-4.

VOTUM:

Hy maak nou vir ons plek gereed by God, ons Heer en Vader; en deur sy offer kan ons weet dat ons tot God mag nader! Laat ons Hom daarvoor loof en prys; sy Naam roem en Hom eer bewys – Hy lei ons na die Vader (Gesang 426: 2).

SEËNGROET:

Geliefdes; Die genade van ons Here, Jesus Christus, is met julle ~ 1 Tessalonisense 5: 28, 2022.

Tekste: Gesang 426: 2; 1 Tessalonisense 5: 28, 2022; Johannes 14: 1-7, 2007; 2 Korintiërs 13: 13, 2022.
Fokus teks: Filippense 1: 1-11, 1983.
Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

LOFSANG:

Groete God, ons bring U eer, ons aanbid U, Koning, Heer ~ Gesang 191: 1-3.

GELOOFSBELYDENIS: *Jesus neem mense na die Vader toe.*

Johannes 14: 1-7, 2007

[1]Jesus het ook vir die dissipels gesê: “Julle moenie bekommerd wees nie! Julle moet in God glo en julle moet in My glo. [2]Daar is baie plek om te woon in my Vader se huis. Ek praat die waarheid wanneer Ek sê Ek gaan na my Vader se huis om julle plek gereed te maak. [3]Wanneer Ek gegaan het en julle plekke gereedgemaak het, dan sal Ek terugkom. Dan sal Ek julle saam met My neem sodat julle kan wees waar Ek is. [4]Ek weet julle ken die pad na die plek waarnatoe Ek gaan.”

[5]Tomas het vir Hom gesê: “Here, ons weet nie waarnatoe U gaan nie. Daarom ken ons ook nie die pad daarnatoe nie.”

6 Jesus sê toe vir Tomas: “Ek is die pad, Ek is die waarheid, Ek is die lewe. Niemand kan by die Vader kom as hy nie in My glo nie. 7 Julle ken My, daarom sal julle ook my Vader ken. Ja, julle ken Hom nou. Julle het Hom gesien.”

VERDUIDELIKING:

Jesus se belofte om “weer te kom”, verwys na sowel sy opstanding as die wederkoms. Jesus het sy dissipels (ons) daaraan herinner dat hulle die weg na die hemel ken. Jesus sou hemel toe gaan deur lyding: Getsemané, die beproewinge, geseling, die kruis, die dood, begrafnis, opstanding, en dan hemelvaart. Hy sou dit doen om die weg voor te berei vir ons eie hemelvaart.

Jesus het homself verklaar as die pad na die hemel toe. Deur Homself die weg en die waarheid en die lewe te noem. Ons eie hemelvaart, ons ewige lewe by God, is alleen moontlik omdat Jesus die sonde en dood vir ons oorwin het.

Tekste: Gesang 426: 2; 1 Tessalonisense 5: 28, 2022; Johannes 14: 1-7, 2007; 2 Korintiërs 13: 13, 2022.
Fokus teks: Filippense 1: 1-11, 1983.
Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

SKULDBELYDENIS & GENADE: Gesang 232: 1-2

GEBED:

PREEK:

Ons begin vandag ‘n kort reeks preke oor die Ekklesia (‘n Griekse woord vir die gemeenskap van gelowige ~ dit verwys na die kerk soos ons dit vandag verstaan. As ek sê KERK; Waaraan dink jy? Watter gevoelens kom by jou op? Watter prentjies sien jy?

Ongeveer 2000 jaar gelede. Na Jesus se lyding, kruisdood, begrafnis, opstanding en hemelvaart het die vroeë kerk gestalte gekry. Groepies-groepies mense het in die leer en lewe van hierdie Jesus van Nasaret begin glo. Hulle het hulle identiteit εν Χριστώ (in Christus gevind).

Paulus het in daardie tyd die woordjie Εκκλησία (Ekklesia) gekies om hierdie gemeenskappe van gelowiges mee te beskryf. Die woord was by sowel die

Jode as Grieke bekend. In Hebreeus het Ekklesia *samekoms* beteken en in Grieks die *munisipale struktuur om 'n dorp mee te bestuur*.

Vir vandag se eerste nadenke oor kerk en kerkwees blaai ons terug na een van Paulus se briewe aan die kerk, spesifiek aan die gemeenskap van gelowiges in Filippi.

Die brief aan die Filippense vorm saam met Efesiërs, Kolossense en Filemon, vier briewe van Paulus wat bekend staan as Paulus se gevangenisskapbriewe. Navorsers stem egter nie saam oor waar Paulus in die tronk was toe hy hierdie brief geskryf het nie, aangesien hy op ten minste drie verskillende plekke in die tronk was (Efese, Caesarea, Rome).

Filippi was die eerste gemeente wat Paulus op die Europese vasteland gestig het. Die ontstaan van die gemeente word in Handelinge 16 vertel. Paulus preek, hy word gevang, hy word gemartel, in die binneste tronk gegooi, die aarde skud en die tronkdeure gaan oop,

Paulus vlug nie, die tronkbewaarder en sy familie kom tot bekering ~ 'n aangrypende stuk geskiedenis wat u gerus by die huis sorgvuldig kan gaan deurlees (Handelinge 16).

Paulus het 'n baie besondere verhouding met dié gemeente gehad, en dit straal uit hierdie brief. Hulle was ook die gemeente by uitstek wat hom in sy bediening fisies, emosioneel en geestelik ondersteun het. Hulle was altyd daar vir hom en daarom het hulle 'n sagte plekkie in Paulus se hart gehad.

Kom ons lees nou uit Paulus se brief aan hierdie gemeente: Filippense 1: 1-11

[1]Van Paulus en Timoteus, dienaars van Christus Jesus.
Aan almal in Filippi wat deur Christus Jesus aan God behoort, met hulle ouderlinge en diakens.
[2]Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Danksegging en gebed vir die gemeente

3 Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. 4 In al my
gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal, 5 omdat
julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het
aan die verkondiging van die evangelie. 6 Ek is veral ook
daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin
het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag
wanneer Christus Jesus kom.
7 Dit is ook heeltemal reg dat ek so oor julle almal dink,
omdat julle my na aan die hart lê. Julle deel immers almal
saam met my in die genade wat God my gee, sowel in my
gevangenskap as in my verdediging van die evangelie en
die bevestiging van die waarheid daarvan. 8 God is my
getuie, Hy weet hoe ek na julle almal verlang met die
liefde van Christus Jesus in my hart.
9 Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in
begrip en fyn aanvoeling, 10 sodat julle die dinge sal kan
onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die
dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam
wees, 11 en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in
die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.

Tekste: Gesang 426: 2; 1 Tessalonisense 5: 28, 2022; Johannes 14: 1-7, 2007; 2 Korintiërs 13: 13, 2022.
Fokus teks: Filippense 1: 1-11, 1983.
Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

PREEK:

Paulus skryf ‘n tipiese brief van sy tyd: aanhef, liggaam en slot. In die Aanhef kry ons kriptiese opmerkings oor wie die brief skryf (Paulus en Timoteus ~ waarskynlik het Paulus gedikteer en Timoteus het sy woorde neergeskryf), aan wie die brief geskryf is (die heiliges in Filippi ~ dit bedoel nie mense sonder sonde en foute nie, maar mense afgesonder vir die Christus Jesus se roeping) en daar is ‘n vrede groet (genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus).

Vanaf vers 3 tot 11 is daar ‘n dankgebed van Paulus. Gebed is kardinaal deel van ons geloof, maar ook integraal deel van ons kerkwees. Gelowiges behoort gereeld vir mekaar en vir hulle kerk te bid ~ soos wat Paulus hier doen! Net soos die gemeente in Filippi onder geweldige druk verkeer het, verkeer die kerk vandag onder geweldige druk. Hierdie alewige veranderende wêreld waarin ons oorleef, plaas ook geweldige druk op mense (ons medegelowiges). Daarom behoort ons

gereeld en intens vir mekaar te bid, soos wat Paulus gedoen het.

Ons kan ook by die inhoud van Paulus se brief baie leer. Paulus se gebed is soos die Onse Vader gebed vir ons ‘n voorbeeld van hoe en wat ons kan bid. Hoe moet ons bid vir ons medegelowiges en die kerk. Wat kan ons bid vir mekaar. Paulus bid veral vir drie dinge:

1) Bid om dankie te sê vir mekaar en die gemeenskap van gelowiges.
2) Bid dat hulle sal groei in liefde vir God en mekaar.
3) Bid dat hulle sal weet wat die regte ding is om te doen.

Ons kan so maklik in ondankbaarheid verval. Fokus op alles wat sleg en negatief is. Dit maak ons bitter en bitter mense is mense wat eensaam en alleen is. ‘n Gelukkige gemeenskap van gelowiges is dankbare mense. Mense wat die vermoë ontwikkel om die mooi in die lewe raak te sien, om die goeie in mekaar te ontdek.

Die oumense het ‘n sê ding gehad: *tel jou seëninge*. Daarmee het hulle bedoel: fokus op die goeie en mooi in die lewe / die goeie en mooi in mekaar.

Wanneer ons vir die gemeente bid is dit ook belangrik dat ons aan die mooi en goeie dink. Dink byvoorbeeld net aan die voorreg om deel te wees van ‘n gemeenskap van gelowiges. Dit sou in hierdie stukkende en deurmekaar wêreld maklik wees om die foute van ‘n gemeente en sy lidmate uit te wys. En onthou daar sal altyd wees, want die kerk bestaan uit mense en geen mens is sonder foute en sonde nie.

Kom ek en jy bid hierdie week vir die gemeente en lidmate van die gemeente; ons bid om God te dank vir die goeie en mooi wat daar is. Gaan soek die goeie en mooi en jy sal verbaas wees as jy daarop fokus hoeveel ons het om voor dankbaar te wees.

Tweedens: Bid dat hulle sal toeneem in liefde vir God en mekaar. Dit klink soos ‘n opsomming van Jesus se

opsomming van die wet van God: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Matteus 22: 27-39, 1983).

Dit gaan dus oor groei in liefde vir God en my naaste. Kom ons bid hierdie week ook dat ons gemeente en ons lidmate elkeen sal groei in ons liefde vir God en vir mekaar, want wanneer dit gebeur sal daar soveel ander dinge vanself verander.

Derdens; kan ons bid dat ons meer en meer ‘n aanvoeling vir die wil van God sal hê. In ‘n wêreld waar dit meestal gaan oor ek en my regte is dit vreemd om te fokus op God en God se wil. Paulus bid dat hulle ‘n fyn aanvoeling sal hê.

Kom ons bid ook hierdie week dat ons gemeente en ons lidmate se groei in ‘n fyn aanvoeling na die wil van God en God alleen ~ Wat wil God hê?

Amen.

SLOTSANG:

Met ‘n mens se geestelike reis na binne kan dit soms alleen voel. Kan ‘n mens soms aan God se bestaan twyfel. Dit is dan wanneer jy moet glo dat die Here met jou saamloop; dat sy Gees oral met jou sal gaan ~ Gesang 518.

SEËNBEDE:

Die oorstromende genade van ons Here, Jesus Christus, en die nimmereindigende liefde van God, en die spesiale geloofsgemeenskap van die Gees is met julle almal ~ 2 Korintiërs 13: 13, 2022

WEGSENDING:

Gesang 314 ~ Amen